

17 November

**Skrifgedeelte: 1 Johannes 1:1-10**

**Fokusgedeelte: 1 Johannes 1:9; Heidelbergse Kategismus Sondag 21 (v/a 56)**

### **Die vergewing van sondes**

Wat glo jy oor skuldvergewing? Vraag 56 val in die tweede deel van die Heidelbergse Kategismus, naamlik "ons verlossing". Dit is nodig dat ons eerstens sal bely dat Jesus se verlossingsdaad die enigste grond is waarop sonde vergewe word. Geen geloof, berou of dankbaarheid kan dit vervang of bydra daartoe nie.

As ons bely: "Ons glo aan die vergewing van sonde", dan wys dit op die manier hoe God van sonde ontslae raak. God ignoreer nie sonde omdat Hy nie genoeg bewyse het nie. Hy hanteer die sonde wat teen Hom, sy skepping, en teen sy ander kinders gepleeg is met Goddelike regverdigheid. Hy kies om die sonde weg te neem deur sy onskuldige Seun te straf en die ware skuldiges te vergewe.

Waar pas die voorwaardelike "as" van vers 9 dan in? Die teks uit Johannes en so ook ander tekste sê: *As julle jul sonde bely, sal God julle sonde vergewe.* Hierdie woorde klink asof sonde eers ná berou vergewe word. Beteken dit dat ons kindskap van God telkens verval wanneer ons ongehoorsaam is? Dat ons telkens moet heransoek doen om kind van God te wees? Nee, dit kan nie.

Die oproep is dat elke mens in die regte verhouding met God moet tree. En alleen binne daardie herstelde verhouding – waar jy 'n nuwe mens is – vergewe God. Want binne hierdie nuwe verhouding het mense berou. Skuldvergewing buite 'n lewende verhouding met God is onmoontlik. Iemand wat in die regte verhouding met God leef, sal toeneem en groei in hierdie verhouding, want geen mens het al die volmaakte lewe bereik nie. Sonder groei is daar nie nuwe lewe nie.

Wat is die voorwaarde vir skuldvergewing? Dat jy deur die proses van bekering in die regte verhouding met God sal tree. Daarbinne is Hy Vader en jy kind, daarbinne het jy berou en ontvang jy vergewing.

*Sing: Psalm 32:3 (Totius)*

*Ds. A Venter (Pretoria-Annlin)*